

**Woensdag 14 Oktober**

**Skrifgedeelte: Sefanja 1:17 – 2:3**

**Fokusgedeelte: Sefanja 2:1 (1933/53-vertaling)**

**Kom tot inkeer, kinders van die HERE**

**D**ie aankondiging van oordeel oor die volke van God, Israel en Juda word aangekondig deur die profeet Sefanja. Geïnspireer deur die Heilige Gees, bring die profeet die woorde van God aan sy kinders. Oordeel is op hande en niemand sal dit ontkom nie, nie die kinders van God nie en ook nie enige heidense nasies rondom die volke nie.

In hierdie paar verse word die volke van Israel en Juda direk aangespreek deur God in die mond van Sefanja. Hulle verval en sonde het hulle gebring tot hier waar die Dag van die HERE in aantog is. Nie rykes of armes sal hulle kan verontskuldig voor God se oordeel nie. Goud en silwer sal nie as losprys aangebied kan word om die oordeel te ontkom nie. In sy regverdigheid bring God die oordeel oor alle sondaars.

In hoofstuk 2 kom die profeet dan met die smeking tot die mense om bekering. Hulle moet hulleself ondersoek en tot inkeer kom voor God en hulleself van hulle verkeerde weë. God se oordeel is finaal en seker, maar ook net so regverdig. Wie in homself kan keer en met berou in verootmoediging voor God kan staan, mag dalk die toorn ontkom, skryf die profeet.

Maar wat beteken hierdie gedeelte vir ons as Nuwe-Testamentiese Christene? Hoewel die volke van Israel en Juda nie die toorn en straf van God ontsien is nie, is die wat tot inkeer en berou gekom het, gered vanuit die ballingskap. Ons leef steeds in die sondige wêreld en die aanslae wat ons dag na dag teister. Christus het ons volle sondeprys aan die kruishout betaal en ons vrygespreek van ons sondelas.

Maar die oproep tot bekering en inkeer is net so dringend en duidelik vir ons vandag. Die tyd is min en die Dag van die HERE is haastig en naby. Luister gehoorsaam na die Woord van God, ondersoek jou hart en kom tot inkeer en bekering.

*Sing Psalm 38-1:1, 8, 17*

*Ds. HM Stavast (Herman) (Piet Retief)*